# T -Time / T -Tyd



*Official newsletter of the Model T Ford Club of South Africa*

*2 nd Quarter 2026*

**Edition 026**

# Model T Ford Club of South Africa

## Established 5 November 2016

## Model T Ford Club of South Africa Committee

**Contact Details:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| President | Kobus Botha | Cell: 082 807 0747 | e-mail: kobus@belair59.co.za |
| Secretary | Philip Kuschke | Cell: 082 856 5152 | e-mail: philipe.kuschke@gmail.com |
| Treasurer | Paul Hoogendoorn | Cell: 072 808 0600 | e-mail: paulhoog@absamail.co.za |
| Website editor | Pierre Malherbe | Cell: 082 497 0377 | e-mail: pierre@themalherbes.co.za |

**Regional Champions**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gauteng | Stef-Steyn Walters | Cell: 081 755 6441 | e-mail: stefsteynw@gmail.com |
| Kwazulu Natal | Cassie Lourens | Cell: 082 904 5360 | e-mail: cassiejl@lantic.net |
| Eastern Cape | Paul Hoogendoorn | Cell: 072 808 0600 | e-mail: paulhoog@absamail.co.za |
| Southern Cape | Phillip Rosser | Cell: 082 410 5490 | e-mail: rosserphillip@gmail.com |
| Western Cape | Greg Bjorkman | Cell: 082 453 6663 | e-mail: fusys@mweb.co.za |
| Free State | Freddie Durow | Cell: 083 305 1825 | e-mail: durowfreddie@gmail.com |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dating & valuations | Philip Kuschke | Cell: 082 856 5152 | e-mail: philipe.kuschke@gmail.com |
| *T-Time* Editor | Phillip Rosser | Cell: 082 410 5490 | e-mail: rosserphillip@gmail.com |
| Technical Evenings | Mike Alexander | Cell: 082 495 4780 | e-mail: mikealex@telkomsa.net |
| 2026 Tour Chairman | Hennie Marx | Cell: 076 782 3910 | e-mail: henniemarx123@gmail.com |

**Model T Ford Club of South Africa member subscriptions are due annually at the end of December. Fees are R250-00 per family (includes children up to 18 years). If you have not yet paid, please do so by using the bank details below:**


**Account name: Model T Ford Club of SA; Bank – Standard Bank, Port Elizabeth**
**Branch code: 051001; Account no. 10110852735 - use your name & surname as reference**

**Website: www.modelt.co.za**

**Notice:** The opinions expressed in the newsletter do not necessarily reflect the views of the committee, the editor, club members and officers of SAVVA or advertisers in this newsletter.

**Cover Photo:** Barn finds are still out there sometimes! Peter Boshoff's 1914 Model T Ford Tourer.

# From the Driving Seat



Autumn has brought a huge part of our Country a lot of rain. Drought stricken areas were flooded with rain. This was good news especially in areas where water restrictions were enforced due to the low dam levels. Dam levels increased dramatically, however unfortunately in some of these areas the floods and strong winds caused havoc. Damage to property, infrastructure, crops, loss of livestock and even loss of human life. To all our members, families and friends effected by this, our sincere condolences.

In addition to the war in the Middle East, the closure of the Strait of Hormus caused fuel prices to skyrocket. This does have an effect on everyone but can you imagine the effect on our farmers who are busy harvesting their crops, people transporting products and the rest of the economy. Spare a thought for the farmers in our country, they have enormous challenges, just think for a moment, it is Foot and Mouth disease, drought, floods, loss of livestock, crime, high input costs, laws not favouring the producer etc.

Most of us are getting used to these increases and decreases in fuel prices and sort of expect and accept the increases. Let’s just have a look at the following fuel prices:

| | January 2012 R/litre | May 2026 R/litre |
|---|---|---|
| Petrol 95 | R10.31 | R25.76 |
| Diesel 0.05% | R10.08 | R30.30 |
| Diesel 0.005% | R10.13 | R30.51 |
| Liquefied Petroleum Gas | R19.39 | R37.87 |

The above are coastal prices which relates to even higher prices inland.

Gegewe die hoë brandstofpryse kyk sommige mense dalk na watter voertuie die ligste op brandstof is. Hier wil ek nou nie ‘n blik wurms oopmaak nie want daar is elektriese motors en hibriede voertuie en dan nog allerhande verskillende vervaardigers, voorkeure en marksegmente. Kom ons kyk net gou na intreevlak voertuie met slegs ‘n petrol engin. Volgens “Cars.co.za” is die Suzuki Celerio 1.0GL die ligste met ‘n brandstof verbruik van 4.2l/100km of dan 23.81 km/liter. Daar is dan natuurlik ook ander fabrikate soos Toyota, Renault, Kia, Mahindra ens. wat kort op die karretjie se hakke volg.

Enough of the bad news. Some excellent news is that Hennie Marx and his team are showing excellent progress with the planning of our 10th Year Celebration Tour that will take place from 4 to 8 November 2026. The entry forms have already been distributed and entries are coming in.

Clarens en Sandstone Estate is van die plekke wat besoek gaan word gedurende die Toer. Vir die wat nie weet nie bied Sandstone Estate een van die grootste werkende Stoomaangedrewe

voertuig versamelings met ‘n spoorlyn wat hulle gebruik wat deur die gronde loop. Hierdie gaan beslis ‘n baie spesiale besoek wees.

Sandtone Estate is a must visit destination not only for steam enthusiasts, but also for petrol heads and people enjoying yesteryear’s transportation. Classic cars, stationery engines, military vehicles and agricultural heritage are some of the exhibits to see. There is huge interest from outside of the Club in the Tour, but we would love to see as many of our club members as possible entering to celebrate our 10th Anniversary of the Model T Ford Club of South Africa. Skryf so gou moontlik in vir die Toer om teleurstelling te voorkom, daar is nog genoeg tyd om te reël vir verlof.

Model T groete van huis tot huis.

**Kobus Botha**

**-----------------------------------------**

# From the Editor

Well, we are already halfway through the year! It’s been cold and miserable here in the Western Cape, but we still participated in a few events which gives one a warm feeling inside! Unfortunately, the impact of the Middel East war on our fuel prices was quite scary, but at least prices have come down somewhat again. Let’s hope things normalise again soon. But at least we can still enjoy our cars.

Our club keeps growing consistently and we welcome two new members this quarter.

The organising committee of the club’s **10 Year Celebration Tour** is hard at work getting all the arrangements in place. This is one not to be missed! So, bookmark the dates of 4 to 8 November and get those entries in.

Please ensure that your club subs are up to date. It’s a pity that there are still several members that have outstanding subs which were due in January. Invoices have been sent out and phone calls have been made to no avail. Defaulting members will unfortunately soon be removed from the mailing list.

Let’s keep the wheels turning.

**Phillip Rosser**
**Editor**

# Club subscriptions

**The club’s financial year now runs from January to December (previously March to February). This means that subs are due on 01 January each year. Subscriptions remain unchanged at R250-00 per family per year.**

**Banking details are**
**Account name: Model T Ford Club of SA;  Bank – Standard Bank, Port Elizabeth**
**Branch code: 051001;   Account no. 10110852735  - use your name & surname as reference.**

**-----------------------------------------**

# Birthdays

A happy birthday to our members during the next quarter.

If we have missed your birthday, please advise Phillip Rosser so that we can ensure that the database is up to date.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Barrie Pieterse | 01 Jul | Harvie van Heerden | 03 Sep |
| Tertius Du Preez | 03 Jul | Oliver Gerondeanos | 05 Sep |
| Andre Wessels | 08 Jul | Ockert van der Berg | 10 Sep |
| Eduan Naude | 09 Jul | Cornelis van der Berg | 10 Sep |
| Greg Bjorkman | 12 Jul | Siggi Duvel | 15 Sep |
| Sevrin Hansen | 13 Jul | Viv James | 18 Sep |
| Emil Kuschke | 14 Jul | Anna Nel | 20 Sep |
| Warwick Perks | 14 Jul | Dawn McQuillian | 21 Sep |
| Jorge Alves | 16 Jul | Eric McQuillian | 26 Sep |
| Brian Noik | 20 Jul | Cindy Allan | 30 Sep |
| Arthur Duvenage | 21 Jul | Annatjie de Wet | 30 Sep |
| Candice Slump | 22 Jul | Charmaine Inkley | 03 Oct |
| Johann van den Heever | 25 Jul | Delvin Allan | 04 Oct |
| Keith Schröder | 25 Jul | Francois van den Heever | 06 Oct |
| Mike Alexander | 27 Jul | Jonathan Tacon | 13 Oct |
| Adrian Arnold | 27 Jul | Francois Carstens | 14 Oct |
| Elanie Stroebel | 29 Jul | Diane Heyns | 18 Oct |
| Shawn Venter | 05 Aug | Syd Biddulph | 22 Oct |
| Tina Mouton | 06 Aug | Susan Koch | 23 Oct |
| Hannelie Pieterse | 14 Aug | Lukas Nel | 26 Oct |
| Garreth Staveley | 23 Aug | Rosita Kuschke | 27 Oct |
| Eric Edwards | 25 Aug | Sandy Casey | 28 Oct |
| Annamarie Breytenbach | 26 Aug | | |

------------------------------------

# New Members

A special welcome to the new members that joined the club during the last quarter. We look forward to meeting you at our next virtual meeting and on the 10th anniversary tour in November.

Peter Boshoff and Nadia Barnard from Waboomskraal near George.
Brian Noik from Johannesburg.

------------------------------------

# Forthcoming Events

Below is the club's events calendar which includes other clubs' events as well. The calendar is set up so that chapters can organise an event even if it coincides with another club's event. Please remember that all events are covered by a SAVVA certificate/permit. Dates can be changed but Peter Bolze, the SAVVA Motorsport portfolio holder (082 648 6972 or motorsport@savva.co.za) must be informed at least 3 days before a change.

| MONTH | DATE | MTFCSA EVENT | SAVVA CALENDAR EVENT | DAY | PUBLIC HOLIDAY |
|---|---|---|---|---|---|
| Jul | 5 | PROPOSED EVENT | | Sunday | |
| | 9 | TECHNICAL EVENING | | Thursday | |
| | | | | | |
| Aug | 2 | | POMC Cars in the Park | Sunday | |
| | 9 | | SCOCC Women's Day | Sunday | Womens Day |
| | 10 | PROPOSED EVENT | | Monday | Public Holiday |
| | 13 | TECHNICAL EVENING | | Thursday | |
| | 13 - 16 | | POMC Post 45 Magnum Rally | Thurs - Sun | |
| | | | | | |
| Sept | 10 | TECHNICAL EVENING | | Thusrday | |
| | 19 | | SAVVA AGM (EFCC Cape Town) | Saturday | |
| | 20 | | Modderfontein Swapmeet | Sunday | |
| | 24 | PROPOSED EVENT | SAVVA Drive it Day (Braai Day) | Thursday | Heritage Day |
| | | | | | |
| Oct | 3 | | Welkom Cars in the Park | Saturday | |
| | 8 | TECHNICAL EVENING | | Thursday | |
| | 18 | PROPOSED EVENT | | Sunday | |

# TECHNICAL EVENINGS

**Coordinator: Mike Alexander**

The technical evenings happen at 7pm every second Thursday of the month, so please join us and learn some new tips, hear report back of recent events or just discuss any relevant or interesting Model T topics.

Please contact me (mikealex@telkomsa.net) if you know of anything interesting that we can include. Also remember that we have a "Panel of Experts" to answer any relevant questions that you may have. Please direct these to philipe.kuschke@gmail.com and the answers will be found for you. How exciting, and much better than **AI** !!

See you soon

Mike Alexander

Below are the dates of the next few Technical Evenings. Phillip Rosser will send out a ZOOM link a few days before. If you are unfamiliar with ZOOM or are having trouble joining a presentation, please call Phillip Rosser on 082 410 5490 and he will gladly assist.

9 July 2026 – Line boring of a Model T engine block by Delvin Allen.

13 August 2026 - Topic will be communicated

10 September 2026 - Topic will be communicated

8 October 2026 - Topic will be communicated

All the Technical Evening presentations are available on YouTube. The links are available on the website at: www.modelt.co.za.

# Model T Ford Klub van Suid-Afrika 10 Jaar Herdenkingstoer

## 4 – 8 November 2026

**Verblyf:** Lavender Hill Country Estate, Bethlehem

Ons nooi alle lede en vriende hartlik uit om saam met ons hierdie besondere mylpaal te vier. Vyf dae van pragtige roetes, geskiedenis, kameraderie en onvergeetlike ervarings wag.

**Woensdag, 4 November 2026**

Registrasie en Skrutinering

- Registrasie en skrutinering van voertuie vanaf 14:00.
- Verwelkoming en geleentheid om met mede-entoesiaste te kuier.

**Donderdag, 5 November 2026**

Skilderagtige Sirkelroete

- Rit na Kestell.
- Daarna deur die asemrowende Golden Gate Nasionale Park.
- Geniet die prag van die Oos-Vrystaat vanuit die sitplek van ’n Model T Ford.

**Vrydag, 6 November 2026**

Sandstone Heritage Estate

- Besoek aan Sandstone Heritage Estate.
- ‘n Onvergeetlike rit op ‘n historiese stoomlokomotief.
- Ervaar Suid-Afrika se ryk landbou- en spoorweggeskiedenis.

**Saterdag, 7 November 2026**

Sirkelroete en Gala-aand

- Sirkelroete na Fouriesburg.
- Daarna na Clarens voordat ons terugkeer na Bethlehem.

- Die toer word afgesluit met 'n elegante formele Gala-aand waartydens ons die klub se eerste tien jaar saam vier.

**Sondag, 8 November 2026**

Vertrek

- Ontbyt en afskeid.
- Terugkeer huis toe met kosbare herinneringe en nuwe vriendskappe.

Hierdie 10 Jaar Herdenkingstoer beloof om 'n ongelooflike ervaring te wees, gevul met asemrowende landskappe, historiese bestemmings, goeie geselskap en baie verrassings.

Dankie aan ons borge wat reeds aan boord is.

**Moenie hierdie besondere geleentheid misloop nie. Ons sien daarna uit om almal van Hennie Marx – voorsitter: reëlingskomitee**

------------------------------------

# Feedback

## Regional Feedback

**Southern Cape – Phillip Rosser**

On 27 April 2026 we travelled in cold and wet weather in six cars from George to Eight Bells at the foot of the Robinson Pass for a brunch. Attendees were Mike and Susan Alexander (1921 Model T); Phillip and Amanda Rosser (1926 Model T); Kobus and Riekie Botha (1915 Model T); Leon & Dalene Oelofse (1911 Model T); Ockert, Dienkie and Kerneels vd Berg (1915 Depot Hack) and Hannie and Emil Kuschke (1931 Model A). The weather was miserable, but the food and company was great.




**Above:** Four Model T's at Eight Bells




**Above:** Another Model T and a Model A at Eight Bells

On 16 June 2026 we had a trip to the Roadside Deli just over the Outeniqua Pass for Pizzas. Ockert & Dienkie in their 1915 Depot Hack, Philip and Emill Kuschke in Philip's 1913 T and Phillip & Amanda in their 1926 T were joined by new member, Peter Boshoff and Nadia Barnard in his 1914 T. Afterwards we visited Peter Boshoff's place nearby to see some of his cars. The weather was great for a change with great pizzas as well.




**Above:** New member, Peter Boshoff's 1914 and Philip Kuschke's 1913 Model T's at the Roadside Deli.




**Above:** Ockert vd Berg's 1915 Depot Hack and Phillip Rosser's 1926 Model T's at he the Roadside Deli.

-----------------------------------------

# Down Memory Lane

## Henry Ford - die man wat Jan-alleman wiele gegee het

**16 Junie** is ‘n openbare vakansiedag in Suid-Afrika – Jeugdag. Mens kan jou nou die vraag af- vra - hoe word openbare vakansiedae dan bepaal? Indien ons na Suid-Afrikaanse vakansiedae kyk, sien jy dat die meeste van hulle aan ten minste een van die drie groot kategorië voldoen:

- Geloof (Kersdag, Goeie Vrydag)
- Geskiedenis (Vryheidsdag)
- Nasionale identiteit en erfenis (Versoeningsdag, Erfenisdag, Jeugdag).

Met die bepaling van vakansiedae is die vraag wat die “geleerdes” vra: “Is hiedie dag belangrik genoeg vir die hele nasie om dit jaarliks saam te herdenk?” Indien die meerderheid dan so voel, dan het ons nog ‘n openbare vakansiedag.

Nou ja wat het openbarevakansiedae dan met Henry Ford te make …?

Henry Ford is op 30 Julie 1863 op die familieplaas in die Detroit-omgewing gebore. Henry het getrou skool bygewoon tot in standerd 6, waarna hy net een oggend besluit het – genoeg is nou genoeg - sonder ouer-toestemming. Op 16-jarige ouderdom wil hy begin werk en kry so werk by die ***Michigan Car Company Works.***

In 1891 sluit Henry by die Edison Illuminating Company aan as ingenieur. Sy talent het vinnig uitgestaan en in 1893 word hy hoof-ingenieur. Hierdie posisie het hom genoeg inkomste en vrye tyd gegee om aan sy ware passie te werk: die ontwikkeling van 'n motorvoertuig.

‘n Belangrike gebeurtenis vind in 1896 plaas toe Henry vir Thomas Edison ontmoet het. Tydens 'n vergadering het Henry sy idees oor 'n petrol-aangedrewe voertuig verduidelik. Edison het hom aangemoedig om voort te gaan. Ford het later gesê dat Edison se ondersteuning hom die moed gegee het om sy droom na te jaag. In 1896 voltooi Ford sy eerste motor, die **Quadricycle**. Dit was 'n eenvoudige voertuig met vier fietswiele, 'n twee-silinder enjin en geen tru-rat nie. Die voertuig was die begin van 'n lewenslange droom om 'n praktiese motor vir die massas te bou. Henry Ford verkoop hierdie voertuig vir $200.00 en verkry so ontwikkelingskapitaal vir sy volgende voertuig.



Ford se eerste onderneming was die **Detroit Automobile Company**, gestig in 1899. Die maatskappy het egter misluk omdat die voertuie duur en ingewikkeld was. Dit is in 1901 ontbind.

Ford se tweede poging was die **Henry Ford Company**, wat in 1901 ontstaan het. Meningsverskille tussen Ford en sy beleggers het egter tot sy vertrek gelei. Die onderneming sou later bekend staan as Cadillac. Dit is opvallend hoe eenders die eerste Cadillac en Ford gelyk het.

Ná hierdie teleurstellings het Ford hom op renmotors toegespits. Sy suksesvolle renmotor "999" het hom bekendheid verwerf en het vir die beleggers vertroue besorg.






Op **16 Junie 1903** word die **Ford Motor Company** met $28 000.00 as aanvanklike belegging, gestig.

Ford begin by die eerste letter van die alfabet. Die eerste model heet dan die Model **A Ford.** Dit was 'n klein twee-silinder voertuig met 'n 8 perdekrag motor in. 'n Johannesburgse sakeman, Arthur Youldon het hierdie voertuig in 1903 in 'n vertoonlokaal in New York gesien en het dit gekoop. Die Model A Ford wat Youldon vir $850.00 gekoop het , is direk na Suid-Afrika verskeep, wat dit Ford Motormaatskappy se eerste internasionale uitvoer-motor ooit gemaak het. Ford vervaardig dan die Model B, C, F en K tot en met 1906.

Die Model K was Henry Ford se grootste en duurste motor tot op daardie stadium. Die Model K het 'n 6-silinder enjin gehad (Ford se enigste ses-silinder tot 1941), wat ongeveer 40 perdekrag uitgeskop het, met 'n twee-spoed planetêre ratkas en wat ongeveer 1100 kg (2400 lb) geweeg het. Die verkoopprys van ongeveer $2500.

Vir 1906 was dit 'n indrukwekkende motor. Die Model K was gemik op die luukse mark en moes meeding teen vervaardigers soos Packard en Pierce-Arrow. In 1906 het die Model K meer as 85 % bygedra tot Ford Motor Company se wins op nuwe motors, en in 1907 was dit waarskynlik die wêreld se topverkoper onder die ses-silinder motors.

Ook in 1906 word die Ford Model N vervaardig. Die Model N was amper die presiese teenoorgestelde van die Model K. Dit was 'n 4-silinder enjin wat 15 perdekrag geproduseer het met 'n twee-spoed planetêre ratkas en het tussen 360 kg en 480 kg geweeg, afhangende van modeljaar. Die verkoopprys van ongeveer $500. Die Model N was die eerste Ford motor wat werklik Henry Ford se filosofie verteenwoordig het. Dit was lig, eenvoudig, sterk en goedkoop. Meer as 7000 van die Model N Ford is gebou — 'n groot aantal vir daardie tyd.

Die **Model K** en **Model N** vertel eintlik die verhaal van die tweestryd binne Ford Motor Maatskappy: Moet Ford luukse motors bou vir die rykes, of bekostigbare motors vir die gewone man?

Hoe het die Ford Motormaatskappy dit reggekry om 'n ligte, sterk en duursame motor te vervaardig?

Die Model N was die **eerste Amerikaanse motor wat op groot skaal vanadiumstaal gebruik het**. In 1905 woon Henry Ford ‘n wedren in Frankryk by. Een van die motors bots tydens die wedren skuins voor Henry Ford. ‘n Onderdeel beland naby Henry Ford. Volgens hom was die onderdeel te fyn en lig vir die doel waarvoor dit gebruik sou wees. Toe Ford die renmotor se onderdeel laat ontleed, het hy besef dat die staal van baie hoë gehalte was - vanadiumstaal! Die probleem was dat die meeste Amerikaanse staalwerke destyds nie die konsekwente hoë temperatuurbeheer gehad het om vanadiumstaal te vervaardig nie. Ford het metallurge en staal-ingenieurs geraadpleeg en uiteindelik 'n vennootskap aangeknoop met die Crucible Steel Company en ander spesialiste wat ervaring gehad het met spesiale legerings.

Hy het nie self die metallurgiese proses uitgevind nie, maar hy het die ontwikkeling daarvan aggressief befonds en aangemoedig. Ander motorvervaardigers in die VSA het vanadium-staal of soortgelyke legerings gebruik, maar slegs in renmotors en sekere duur luukse motors. Toe die Ford Model N verskyn, was dit waarskynlik die eerste Amerikaanse motor wat op groot skaal vanadiumstaal gebruik het. Ford was die eerste groot vervaardiger wat gesê het: "Ek gaan hierdie duur materiaal in 'n motor vir gewone mense gebruik."

Met die bekendstelling van die Ford Model T het die gebruik daarvan nog verder uitgebrei. Die lesse wat Ford met die Model N geleer het, sou direk lei tot die ontwikkeling van die Model T.

Die Ford Motormaatskappy het aanvanklik verskeie modelle vervaardig, maar Ford het 'n groter visie gehad. Hy wou 'n motor bou wat sterk, eenvoudig, betroubaar en goedkoop genoeg sou wees vir gewone werkende mense.

Hierdie droom het in 1908 ‘n werklikheid geword met die bekendstelling van die Ford Model T. Die Model T het op 1 Oktober 1908 sy verskyning gemaak. Die voertuig het 'n 20 perdekrag vier-silinder enjin gehad en kon maklik op die swak paaie van die tyd ry. Die hoë grondvryhoogte, eenvoudige ontwerp en robuuste onderdele het dit ideaal gemaak vir plaaslike en landelike gebruik.




Die Model T was egter meer as net 'n goeie motor. Ford het die vervaardigingsproses self verander. In 1913 is die bewegende monteerbaan by die Highland Park-aanleg ingevoer. Werkers het nou op een taak gespesialiseer terwyl die voertuig verby hulle beweeg het. Produksietyd vir 'n Model T het dramaties afgeneem, en die prys kon jaar ná jaar verlaag word.

Nog 'n revolusionêre stap was Ford se besluit om 5 Januarie 1914, vyf dollar per dag aan die werkers te betaal - omtrent dubbel die normale loon van die tyd. Die werksdag is ook met een uur ingekort na 8-uur skofte. Baie slim, nou kan die fabriek vir 24 uur aaneen produseer met drie alternerende skofte. Hiedie inperking in werksure asook die ver bo-gemiddelde loon het nie net beter werkers gelok nie, maar het ook beteken dat baie Ford-werknemers uiteindelik self die motors kon bekostig wat hulle gebou het. Dit neem egter nou net 93 minute om die Model T Ford volledig op die monteerlyn te monteer.

Teen die 1920's was die Model T wêreldwyd bekend as "The Universal Car". Fabrieke en monteer-aanlegte is op verskeie kontinente opgerig. In Suid-Afrika is Ford-voertuie reeds vroeg deur plaaslike agente versprei, en die Model T het vinnig 'n bekende gesig op die land se paaie geword.

Interessant genoeg was die beroemde aanhaling dat klante enige kleur kon kies "solank dit swart is" net gedeeltelik waar. Vroeë Model T's was in verskeie kleure beskikbaar, maar tussen 1914 en 1925 is swart hoofsaaklik gebruik omdat die verf vinniger droog geword het en produksie versnel het.

Teen die middel van die 1920's het mededingers egter meer moderne voertuie met beter gerief en styl begin aanbied. Ford het aanvanklik weerstand gebied teen verandering. In die tydperk tussen 1923 en 1925, het Ford sy produksie-stelsel nog verder verbeter. By die groot Highland Park Plant en later die River Rouge Complex het Model T's op die piek van produksie teen 'n tempo van ongeveer **1 motor elke 24 sekondes**, van die finale monteerlyn afgerol. Dit beteken nie dat elke motor in 24 sekondes gebou is nie; dit beteken bloot dat daar soveel voertuie gelyktydig op die lyn was dat 'n voltooide motor elke 24 sekondes verskyn het.

Op 26 Mei 1927 het die laaste Model T die fabriek verlaat. Meer as 15 miljoen voertuie is vervaardig - 'n wêreldrekord wat vir dekades sou staan. Henry Ford se grootste nalatenskap lê nie bloot in die miljoene motors wat gebou is nie, maar in sy visie om vervoer vir gewone mense toeganklik te maak. Die Model T het boere, ambagsmanne, handelaars en gesinne nuwe vryheid gegee. Dit het dorpe, plase en stede nader aan mekaar gebring en die ganse samelewing vryheid van beweging gegee.

Min mense in die geskiedenis het so ‘n radikale invloed op die wêreld se samelewing gehad soos Henry Ford. Hoewel hy nie die motor uitgevind het nie, het hy dit vir gewone mense wêreldwyd, bekostigbaar gemaak en daarmee die manier waarop mense leef, werk en reis, vir altyd verander.

Om terug te kom na openbare vakansiedae in Suid-Afrika … Kan ons nie vra dat **16 Junie** verander moet word na ***Nasionale Ford Dag*** nie? Is dit nie die datum waarop die Ford Motormaatskappy gestig is nie? Het Ford nie die samelewing wêreldwyd, ook hier is Suid-Afrika indringend verander nie? Indien ons na die kriteria gaan kyk hoe openbare vakansiedae vasgestel word, voldoen Ford seker loshande aan twee van die vereistes: Geskiedenis en Nasionale identiteit en erfenis.

Lank leef die Model T Ford!

**-------------------------------------------**

## Please support sponsors below for the 2025 ProAuto Rubber Tour which took place in the Hazyview area. We appreciate their support for the tour.

## Note that ProAuto Rubber is now trading as PAR MEGASTORE

PAR™ MEGASTORE parmegastore.com
Model T Ford Club of South Africa
MARXDENTAL INC.
Bateleur Estate Landgoed Nelspruit
Mad About Prints – Bringing imagination to life
www.ruskys.co.za
Nelspruit Ford
Southern African Veteran & Vintage Association – VMSA SAVVA
OJANNA Distributors "here to make a difference"

---------------------------------------

# The Trading Post

## Te Koop : Model T Ford Projek Bakkie

Met gemengde gevoelens bied die boedel die onvoltooide Model T Bakkie projek van Jan Nel te koop aan.
Jan was vir geruime tyd 'n lid van die Model T Fordklub en het met groot passie aan hierdie projek gewerk. Ongelukkig kon hy nie die projek voltooi nie.
Die projek word nou namens sy boedel verkoop en bied 'n uitstekende geleentheid vir iemand wat Jan se droom wil voltooi en 'n besonderse stuk motorgeskiedenis wil bewaar.
Die projek bied die volgende, maar is nie beperk tot wat genoem is nie:

- Enjin en ratkas reeds opgedoen, met nuwe onderdele (weet nie of hy ooit geloop het nie)

- Onderstel opgedoen met petroltenk
- Stuurstang met stuurwiel
- Nuwe bande met wielvellings en sommige speke
- Baie bak onderdele met ‘n nuwe staal bak gedeelte
- Baie nuwe onderdele ingevoer
- Ewenaar met aandryfas voltooi

Kontak gerus Leo Middelberg 083 677 2334 vir meer inligting.
Die projek kan in Pretoria besigtig word.




















Club regalia is still very limited at this stage. The committee is busy looking at different club shirts and embroidered badges. Watch this space! We would like to encourage the wearing of club shirts and caps to promote the MTFCSA. If anyone wishes to apply the MTFCSA logo to other clothing items such as ladies' scarves or peaks etc., please contact Emil Kuschke on 082 6554 879. It is important that the correct version of the club logo is used at all times.

Club caps are available at a low price of R80-00 each.
Bumper badges are R100-00 each.

Please speak to your regional champion to place your orders.






## MTFCSA Social Media

The Club has an active Facebook page (Model T Ford Club of South Africa), Instagram account (modeltfordclubofsouthafrica) and website (www.modelt.co.za). You can follow these pages by scanning the QR codes below or visiting the pages directly.

Facebook | Instagram | Website

Below is the information regarding the new SAVVA insurance for motor cars and motorcycles

